

Vrydag 22 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 25:1-9

Fokusgedeelte: Numeri 25:8-9

Altyd in diens van die Here, in volle oorgawe

Besef ons aldag wat die gevolg van sonde is? Dink ons genoeg na oor die oorgawe wat ons aan die Here verskuldig is? Die feit van die saak is, as ons meer toegewy is aan iets buiten God, dan is ons besig met afgodery, en afgodery het baie ernstige gevolge.

Wanneer die volk deelneem aan afgodery en die onsedelike praktyke wat daarmee saamgaan, wys hulle deur hulle optrede dat hulle nie in gemeenskap met God wil leef nie. Hulle wys dat die diens aan die Here nie 'n prioriteit is nie, selfs al is dit die Here wat hulle gelei en versorg het tot op hierdie stadium.

Deur die genade van die Here leef hulle steeds, maar hier word nog iets van die Here geopenbaar. Hy is nie net genadig nie, Hy is ook regverdig. Sy regverdigheid eis dat die sonde gestraf word. Die straf op die sonde is die dood, iets wat die volk op baie praktiese wyse ervaar – so prakties dat daar 24 000 sterf.

Teenoor die afgodery en die wegdwaal van die volk staan daar wel die oorgawe in die diens van die Here. Wanneer Pinehas die man en vrou met die spies deurboor, kan dit vir ons soos 'n baie wrede daad lyk. Maar agter die doodsteek van twee mense staan daar gehoorsaamheid en ywer in God se diens. Let op dat deur hierdie daad die sterftes onder Israel opgehou het. Daar vind versoening plaas.

Die wonderlike is dat daar vandag vir ons reeds versoening plaasgevind het. Jesus Christus is eenmalig aan die kruis deurboor, 'n wonderlike verlossingsdaad tot die versoening van God se kinders. Verder het Hy opgestaan uit die dood; daardeur kan ons weet dat die dood en die sonde oorwin is, en ons in sy diens kan staan.

In Christus het ons die Heilige Gees ontvang wat ons elke dag leer en lei, sodat ons in alles en elke dag Hom kan dien met totale oorgawe en ywer.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5

Ds. FG Lee (Hardus) (Derdepoort)